3.2 Verpligte kernmodules tweede semester

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MGT541	Samewerkende Regering	16
MGT542	Politieke Veranderingsbestuur	16
MGT552	Navorsingsmetodologie	16

3.3 Elektiewe modules eerste semester

Student moet vir die eerste semester een elektiewe module kies. Nie alle elektiewe modules sal elke jaar aangebied word nie.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MGT533	Openbare Finansiële Bestuur	16
MGT534	Globale Regeerkunde	16
MGT535	Vergelykende Analise	16
MGT536	Politieke Kommunikasiebestuur	16
MGT538	Munisipale Regeerkunde	16
MGT539	Etiek, Religie en Regeerkunde	16

3.4 Elektiewe modules twee semester

Student moet vir die tweede semester een elektiewe module kies. Nie alle elektiewe modules sal elke jaar aangebied word nie.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MGT543	Politieke Konflikbestuur	16
MGT544	Openbare Menslike Hulpbronbestuur	16
MGT545	Die Reg en Regeerkunde	16
MGT547	Korporatiewe Regeerkunde	16
MGT548	Suid-Afrikaanse Regeerkunde en Politieke Transformasie	16
MGT549	Gemeenskapsbetrokkenheid en Diensleer	16

4. ADDISIONELE INLIGTING / ASSESSERING

'n Totaal van 8 modules (128) krediete, waarvan ses verpligte modules is, moet voltooi word.

MAGISTER ARTIUM (REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE)

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM (REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE)			
Afkorting	MA (Regeerkunde en Politieke Transformasie)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	1821	M1061	9	180

1. INLIGTING

Die doel van die kwalifikasie is om politieke kennis en politieke bestuursgeoriënteerde vaardighede in 'n snelveranderende omgewing te ontwikkel. Hierdie multidisziplinêre kwalifikasie is ontwikkel om aan die behoefte van institusionele kapasiteit en leierskap ontwikkeling te voorsien en om die bevordering van 'n waardesisteem, wat goeie regering komplementeer en ook die basis van demokratiese regering vorm, te onderskryf.

2. TOELATINGSVEREISTES

- 2.1 Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van toelating tot die magistergraad (Algemene Regulasie A80) geld.
- 2.2 Slegs 'n beperkte aantal studente word per jaar toegelaat. Studente sal ook aan 'n keuringsproses onderwerp word waarvolgens akademiese meriete deurslaggewend sal wees. Studente moet 'n gemiddeld van 60% of meer die voorafgaande kwalifikasie gehaal het.
- 2.3 Alle aansoeke sal deur die Programbestuur beoordeel word ooreenkomstig minimum toelatingsvereistes ('n Nagraadse Diploma in Regeerkunde en Politieke Transformasie of enige relevante Honneurs graad in Politieke Wetenskap, Publieke Administrasie en Bestuur, Geskiedenis of Kommunikasie Wetenskap, Regte en Opvoedkunde [NKR-vlak 8] is hier van toepassing).
- 2.4 Navorsingsmetodologie van ongeveer 30 krediete moes in die vorige kwalifikasie bereik word.

3. KURRIKULUM

3.1 Kernmodules

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MGT761	Navorsingsmetodologie en Navorsingsvoorstel	52
MGG791	Uitgebreide Mini-skripsie	128

4. ADDISIONELE INLIGTING / ASSESSERING

Die Navorsingsvoorstel moet voorgelê word vir assessering. Die Navorsingsvoorstel vorm deel van die praktiese aspek van die Navorsingsmetodologie module (MGT 761). Assessering sal plaasvind gedurende Mei. Die uitgebreide mini-skripsie sal ekstern geëksamineer word.

PHILOSOPHIAE DOCTOR (REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE)

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR (REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE)			
Afkorting	PhD (Regeerkunde en Politieke Transformasie)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	1961	M1061	10	360

1. INLIGTING

Die doel van die kwalifikasie is om 'n diepsinnige kennis tot die wetenskap in Regeerkunde en Politieke Transformasie te maak. Die student moet in staat wees om 'n bydrae tot die navorsingsterrein in die veld van Regeerkunde en Politieke Transformasie te maak.

2. TOELATINGSVEREISTES

- 2.1 Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van toelating tot die PhD studie (Algemene Regulasie A80) geld.
- 2.2 Studente moet in besit wees van 'n Magistergraad in Regeerkunde en Politieke Transformasie.
- 2.3 Toelating tot die PhD in Regeerkunde en Politieke Transformasie is onderhewig aan die goedkeuring van die Programdirekteur.
- 2.4 'n Minimum persentasie van 70% vir die uitgebreide skripsie van die Magistergraad is 'n voorvereiste vir toelating.
- 2.5 Beskikbare kapasiteit en kundigheid sal die aantal studente wat toegelaat word, bepaal.
- 2.6 Die afhandeling van 'n omvattende navorsingsvoorstel wat aanvaar is deur die Programbestuur is 'n voorvereiste vir toelating en registrasie.
- 2.7 Studieleiding sal slegs gegee word binne die raamwerk van die aanvaarde navorsingsvoorstel.

3. KURRIKULUM

Die student moet 'n proefskrif skryf.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MGT900	Regeerkunde en Politieke Transformasie	360

NAGRAADSE PROGRAM IN MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

BACCALAUREUS ARTIUM HONORES (MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE)

Kwalifikasie	BACCALAUREUS ARTIUM HONORES (MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE)			
Afkorting	BA Hons (Menslike Bewegingskunde)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	1571; 1572; 1573; 1574	M1051	8	128

1. TOELATINGSVEREISTES

- Die algemene regulasies van die universiteit ten opsigte van toelating tot die Honneurs is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie graad.
- Studente moet in besit wees van 'n BA (Menslike Bewegingskunde) graad of 'n ekwivalente kwalifikasie.
- Studente moet aansoek doen om in een van die vier spesialisingsareas te studeer aangesien daar 'n keuringsproses is. Studente word op akademiese prestasie en onderhoude geselekteer. 'n Minimum van vyf kandidate word benodig alvorens 'n spesialiteitsarea aangebied word.

2. KURRIKULUM

Die Honneursgraad bied studente die geleentheid om in enige een van die volgende kursusse te spesialiseer:

Studiekode

- Baccalaureus Artium Honores
(Menslike Bewegingskunde): Biokinetika 1571
- Baccalaureus Artium Honores

- (Menslike Bewegingskunde): Kinderkinetika 1572
- (3) Baccalaureus Artium Honores
- (Menslike Bewegingskunde): Sportwetenskap 1573
- (4) Baccalaureus Artium Honores
- (Menslike Bewegingskunde): Rekreasie en Toerisme 1574

Al vier programme het:

- (1) twee verpligte modules algemeen vir al vier studierigting
- (2) drie spesialisasiemodules spesifiek vir elk van die vier studierigtings.

2.1 Verpligte modules (32 krediete)

Alle Menslike Bewegingskundestudente moet die volgende twee modules neem:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW601	Navorsingsprojek (volgens die gekose spesialisasie)	16
MBW602	Grondslaestudie en navorsingsmetodologie	16

2.2 Spesialisasiemodules vir studente wat in Sportwetenskap spesialiseer (96 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW603	Oefenprogramvoorskrif	32
MBW604	Oefening en voeding	32
MBW605	Oefen- en sportwetenskap-praktyk	32

2.3 Spesialisasiemodules vir studente wat in Biokinetika spesialiseer (96 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW606	Sportbeserings en rehabilitasie	32
MBW607	Oefenfisiologie en oefenprogramvoorskrif (voorkomend en rehabiliterend)	32
MBW608	Biokinetika-praktyk	32

2.4 Spesiasiasiemodules vir studente wat in Kinderkinetika spesiasieer (96 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW609	Motoriese leer en ontwikkeling	32
MBW610	Bewegingsontwikkeling en rehabilitasie	32
MBW611	Kinderkinetika-praktyk	32

2.5 Spesiasiasiemodules vir studente wat in Rekreasie en Toerisme spesiasieer (96 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW612	Beplanning van volhoubare rekreasie en toerisme-ontwikkeling	32
MBW613	Fasiliteit, program en risikobestuur in rekreasie en toerisme	32
MBW614	Geleentheidsbestuur	32

MAGISTER ARTIUM (MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE)

Kwalifikasie	MAGISTER ARTIUM (MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE)			
Afkorting	MA (Menslike Bewegingskunde)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	1707	M1051	9	180

1. TOELATINGSVEREISTES

- Die algemene regulasies van die universiteit ten opsigte van toelating tot die MA-graad is *mutatis mutandis* van toepassing op die graad.
- Studente moet in besit wees van ten minste 'n BA Honneursgraad in Menslike Bewegingskunde of 'n gelykwaardige kwalifikasie.
- Toelating tot die MA-graad is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementele Voorsitter.

2. KURRIKULUM

Studente met 'n honneursgraad in Menslike Bewegingskunde of 'n ekwivalente kwalifikasie mag die MA-graad verwerf deur:

'n verhandeling (MBW700) van 180 krediete in te handig.

of

twee verwante, publiseerbare artikels (MBW792) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die departementele voorsitter gekies is.

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Menslike Bewegingskunde			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	1960	M1001	10	360

1. TOELATINGSVEREISTES

- (a) Die algemene regulasies van die universiteit ten opsigte van toelating tot die Ph.D.-graad is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie graad.
- (b) Studente moet in besit wees van ten minste 'n MA-graad in Menslike Bewegingskunde of 'n gelykwaardige kwalifikasie.
- (c) Toelating tot die PhD-graad is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementele Voorsitter.

2. KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (MBW900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die departementele voorsitter gekies is

of

vyf verwante, publiseerbare artikels (MBW905) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die departementele voorsitter gekies is.

NAGRAADSE PROGRAM IN ALGEMENE SOSIALE WETENSKAPPE

BACCALAUREUS SOCIETATIS SCIENTIAE HONORES

Kwalifikasie	BACCALAUREUS SOCIETATIS SCIENTIAE HONORES			
Afkorting	B Soc Sc Hons			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	2500	M2001	8	128

Na voltooiing van die B Soc Sc (Mens- en Samelewingsdinamika), kan studente hul B Soc Sc Hons voortsit in een van die volgende dissiplines:

- | | |
|--------------------|---|
| 1. Kriminologie | Studente volg die kurrikulum by BA Hons met spesialisasie in Kriminologie |
| 2. Sielkunde | Studente volg die kurrikulum by B Soc Sc Hons |
| 3. Sosiologie | Studente volg die kurrikulum by BA Hons met spesialisasie in Sosiologie |
| 4. Bedryfsielkunde | Raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |

HONORESPROGRAM IN SIELKUNDE

1. **TOELATING**
- (a) Die algemene regulasies van die universiteit ten opsigte van toelating tot die honneurs is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Toelating tot die honneursprogram is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van hoofsaaklik akademiese prestasie. Aansoekvorms en inligting rakende spesifieke toelatingsvereistes is verkrygbaar van die Honneursprogram-koördineerder, Departement Sielkunde, UV.

- (c) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, doen slegs aansoek om toelating by die betrokke Departementshoof/Honneursprogram-koördineerder.
- (d) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof/Honneursprogram-koördineerder, sowel as die Afdeling Studente-administrasie.

2. DUUR VAN STUDIE

Een akademiese jaar vir voltydse studente of twee akademiese jare vir deeltydse studente.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum bestaan uit 7 verpligte modules ('n Totaal van 128 krediete).

Jaarmodules

SIL604 Gemeenskapsielkunde (16 krediete)

SIL608 Navorsingsverslag (32 krediete)

Eerste Semester modules

SIL614 Ontwikkelingsielkunde (16 krediete)

SIL654 Terapeutiese intervensie en etiek (16 krediete)

SIL674 Kliniese Gesondheidsielkunde (16 krediete)

Tweede semester modules

SIL644 Sielkundige Assessering (16 krediete)

SIL664 Psigopatologie (16 krediete)

B.Psig.-ekwivalensie

Studente wat daarin belangstel om as beraders/psigometriste te registreer by die Raad vir Gesondheidsprofessies, kan na afloop van hul honneursgraad vir B Psig-ekwivalensie aansoek doen. Gekeurde studente sal toegelaat word om SIL600 — 'n internskap te voltooi.

4. ASSESSERING

Assessering geskied op 'n deurlopende basis en is formatief en summatief van aard. Skriftelike, sowel as mondelinge assesserings word toegepas. Studente moet al die modules suksesvol voltooi ten einde die kwalifikasie te behaal.

MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE

Kwalifikasie	MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE			
Afkorting	M Soc Sc			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	2700	M2001	9	180

Na voltooiing van die B Soc Sc Hons, kan studente hul M Soc Sc voortsit in een van die volgende dissiplines:

1. Kriminologie Volg die kurrikulum by MA met spesialisasie in Kriminologie
 2. Sielkunde Volg die kurrikula by M Soc Sc
 of M Soc Sc (Kliniese Sielkunde)
 of M Soc Sc (Voorligtingsielkunde)
 3. Sosiologie Volg die kurrikulum by MA met spesialisasie in Sosiologie
-

MAGISTERPROGRAM IN SELKUNDE

TOELATING

- (a) Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Toelating tot die program is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak. Voornemende studente kan die Departementshoof kontak.
- (c) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.
- (d) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof, sowel as die Afdeling Studente-administrasie.

Studente wat hul studies wil voortsit in 'n navorsingsgerigte M Soc Sc Sielkunde, kies EEN van die volgende twee opsies:

A. Opsie 1

'n Verhandeling (SIL700) of minstens twee verbandhoudende publiseerbare artikels (SIL705) oor 'n goedgekeurde onderwerp.

B. Opsie 2

TOELATING

- (a) Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Toelating tot die program is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak. Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Departementshoof, Departement Sielkunde, UV. Aansoeke moet op die voorgeskrewe vorm voltooi word en die Departementshoof vóór 15 November van die jaar wat die eerste inskrywing voorafgaan, bereik.
- (c) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.
- (d) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof, sowel as die Afdeling Studente-administrasie.
- (e) Die graad sal slegs aangebied word indien daar minstens tien studente gekeur word vir die program.

KURRIKULUM

Studente wat Opsie 2 kies, voltooi 'n uitgebreide skripsie (SLN791) oor 'n goedgekeurde onderwerp

en

Moet die volgende twee vraestelle suksesvol voltooi: Capita Selecta (SLN701) en Gevorderde Navorsingsmetodologie (SLN702)

Die kurrikulum bestaan dus uit:

- | | |
|--------|--|
| SLN701 | Capita Selecta uit spesialisasiegebied (16 krediete) |
| SLN702 | Gevorderde Navorsingsmetodologie (16 krediete) |
| SLN791 | 'n Uitgebreide skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp (148 krediete) |

TOELIGTING

Die doel met hierdie program is om studente op 'n gestruktureerde wyse voor te berei om voortreflike navorsing oor aktuele onderwerpe te inisieer, deur te voer en op skrif te stel.

Onderrig met die oog op die eksamen en voorbereiding vir die uitgebreide skripsie geskied deur middel van lesings, werkopdragte en seminare. Die tye van die beperkte getal lesings sal in ooreenstemming met die studente bepaal word.

ASSESSERING

Die eksamen (SLN701 en SLN702) sal 40%, en die uitgebreide skripsie (SLN791) 60% van die finale slaagpunt tel. Die graadsertifikaat sal geëndosseer word met "Navorsingsielkunde".

MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE (KLINIESE SIELKUNDE)

Kwalifikasie	MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE (KLINIESE SIELKUNDE)			
Afkorting	M Soc Sc (Kliniese Sielkunde)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	2730	M2091	9	180

U aandag word daarop gevestig dat die formaat van die volgende magisterprogram in professionele opleiding in sielkunde deurlopend op nasionale vlak onder bespreking is en dat die finale samestelling van die program onderhewig is aan 'n gesamentlike besluit deur die Professionele Raad vir Sielkunde en die Komitee vir Hoër Onderwys. Leerders word dus voorlopig aangeraai om onderstaande leerprogram te volg.

INLIGTING

Die doel met hierdie voltijdse, tweejarige leerprogram is om die student op te lei sodat hy/sy ná suksesvolle voltooiing daarvan by die Raad vir Gesondheidsberoepes van S.A. (RGSBA) as sielkundige in die kategorie Kliniese Sielkunde kan registreer.

Die opleidingsprogram word gesamentlik deur die Departement Sielkunde en die opleidingsinstansie waar die internskap plaasvind, opgestel met inagneming van die voorskrifte van RGBSA.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte getal kandidate tot die magisterstudie in Kliniese Sielkunde toegelaat kan word, is toelating tot die program onderhewig aan keuring.

REGULASIES

1. TOELATING

- (a) Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Toelating tot die program is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van 'n kombinasie van kriteria, insluitende akademiese prestasie, werk-ervaring, persoonlike agtergrond, persoonlike eienskappe, motivering, sielkundige aanpassing en demografiese oorwegings. 'n Student sal slegs vir keuring oorweeg word indien hy/sy oor 'n honneursgraad in Sielkunde of 'n B.Psig.-graad beskik (of die genoemde kwalifikasies behaal voor die aanvang van die magisterprogram).
Aansoeke om keuring en toelating moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word. Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Magisterprogram-koördineerder, Departement Sielkunde, UV.
Belangstellende studente van ander universiteite moet die inhoud van hul honneursmodules aan die Departementshoof vir goedkeuring voorlê.
- (c) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.
- (d) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof/Magisterprogram-koördineerder, sowel as die Afdeling Studente Akademiese Dienste.

2. ASSESSERING

Assessering geskied op 'n deurlopende basis en is formatief en summatief van aard. Skriftelike, sowel as mondelinge assesserings word toegepas.

Afgesien van die bostaande assessering moet die kandidaat 'n goedgekeurde internskap suksesvol deurloop en 'n uitgebreide skripsie of een publiseerbare artikel aan die einde van die tweede studiejaar indien. Hierdie uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel moet handel oor 'n onderwerp wat op die Kliniese Sielkunde van toepassing is.

Die eksaminering van die artikel geskied ooreenkomstig die regulasies wat geld vir dié van 'n uitgebreide skripsie (Reg. A88 – A93).

Met toestemming van die departementshoof en die dekaan kan die uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel op 'n later datum ingedien word.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum vir die M.Soc.Sc.-graad in Kliniese Sielkunde bestaan uit:

SKL701 Kliniese sielkunde (eerste jaar)

SKL704 'n Internskap in Kliniese Sielkunde volgens Beroepsraadvereistes

SKL791 Kliniese sielkunde (Uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel)

MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE (VOORLIGTINGSIELKUNDE)

Kwalifikasie	MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE (VOORLIGTINGSIELKUNDE)			
Afkorting	M Soc Sc (Voorligting Sielkunde)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	2740	M2091	9	180

U aandag word daarop gevestig dat die formaat van die volgende magisterprogram in professionele opleiding in sielkunde deurlopend op nasionale vlak onder bespreking is en dat die finale samestelling van die program onderhewig is aan 'n gesamentlike besluit deur die Professionele Raad vir Sielkunde en die Komitee vir Hoër Onderwys. Leerders word dus voorlopig aangeraai om onderstaande leerprogram te volg.

INLIGTING

Die doel met hierdie voltydse, tweejarige leerprogram is om die student op te lei sodat hy/sy ná suksesvolle voltooiing daarvan by die Raad vir Gesondheidsberoepes van S.A. (RGBSA) as sielkundige in die kategorie Voorligtingsielkunde kan registreer.

Die opleidingsprogram word gesamentlik deur die Departement Sielkunde en die opleidingsinstansie waar die internskap plaasvind, opgestel – met inagneming van die voorskrifte van RGBSA.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte getal kandidate tot die magisterstudie in Voorligtingsielkunde toegelaat kan word, is toelating tot die program onderhewig aan keuring.

REGULASIES

1. TOELATING

- (a) Die algemene regulasies ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Toelating tot die program is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van 'n kombinasie van kriteria, insluitende akademiese prestasie, werkervaring, persoonlike agtergrond, persoonlike eienskappe, motivering, sielkundige aanpassing en demografiese oorwegings. 'n Student sal slegs vir keuring oorweeg word indien hy/sy oor 'n honneursgraad in Sielkunde of 'n B Psig-graad beskik (of die genoemde kwalifikasies behaal voor die aanvang van die magisterprogram).
Aansoeke om keuring en toelating moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word. Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Magisterprogram-koördineerder, Departement Sielkunde, UV.
Belangstellende studente van ander universiteite moet die inhoud van hul honneursmodules aan die Departementshoof vir goedkeuring voorlê.
- (c) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.
- (d) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof/Magisterprogram-koördineerder, sowel as die Afdeling Studente-administrasie.

2. ASSESSERING

Assessering geskied op 'n deurlopende basis en is formatief en summatief van aard. Skriftelike, sowel as mondelinge assesserings word toegepas.

Afgesien van die bostaande assessering moet die kandidaat 'n goedgekeurde internskap suksesvol deurloop en 'n uitgebreide skripsie of een publseerbare artikel aan die einde van die tweede studiejaar indien. Hierdie uitgebreide skripsie of publseerbare artikel moet handel oor 'n onderwerp wat op die Voorligtingsielkunde van toepassing is.

Die eksaminering van die artikel geskied ooreenkomstig die regulasies wat geld vir dié van 'n uitgebreide skripsie (Reg. A88 - A93).

Met toestemming van die departementshoof en die dekaan kan die uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel op 'n later datum ingedien word.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum vir die M Soc Sc-graad in Voorligtingsielkunde bestaan uit:

- SLV701 Voorligtingsielkunde (eerste jaar)
- SLV704 'n Internskap in Voorligtingsielkunde volgens Beroepsraadvereistes
- SLV791 Voorligtingsielkunde (Uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel)

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR			
Afkorting	PhD			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	2930	M2111	10	360

KURRIKULUM

Die PhD-graad word op grond van 'n proefskrif in die volgende departemente toegeken:

Kriminologie	Modulekode	KRM900
Sielkunde	Modulekode	SIL900
Sosiologie	Modulekode	SOS900

Vir die PhD-graad in Kriminologie word 'n proefskrif (KRM900) vereis.

Wat die PhD-graad in Sielkunde betref, word 'n proefskrif (SIL900) of minstens vyf publiseerbare artikels (SIL905) vereis of die volgende gedoseerde program kan gevolg word: PhD in Kindersielkunde.

Vir die PhD-graad in Sosiologie word 'n proefskrif (SOS900) of minstens vyf publiseerbare artikels (SOS905) vereis.

PhD (Kindersielkunde) Studiekode: 2930

Die doel met hierdie program is om die student verder wetenskaplik op te lei sodat hy/sy na suksesvolle voltooiing daarvan as spesialis in 'n terrein van die Kindersielkunde kan optree. Die program word elke drie jaar aangebied.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte getal kandidate tot hierdie doktorale studie toegelaat kan word, is toelating tot die program onderhewig aan keuring.

TOELATING

Toelating tot die program is gebaseer op die volgende:

- 'n Magistergraad in Kliniese, Voorligting- of Opvoedkundige Sielkunde
- 'n Punt van ten minste 65% vir die magistergraad
- Ongeveer vyf jaar praktiese ondervinding in die veld van die Kindersielkunde/ Kinderpraktik.

- Registrasie by die Gesondheidsberoepe van Suid Afrika (RGBSA) of 'n ekwivalente internasionale registrasie

Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Programkoördineerder: Ph.D. in Kindersielkunde, Departement Sielkunde, UV.

KURRIKULUM

Die kurrikulum vir die PhD-graad (Kindersielkunde) bestaan uit die volgende modules:

SIL901 Kindersielkunde: Gevorderde Teoretiese begronding (60 krediete)

SIL902 Kindersielkunde: Huidige benaderings (60 krediete)

SIL903 Kindersielkunde: Gevorderde praktykvoering (60 krediete)

SIL991 Kindersielkunde (proefskrif van beperkte omvang) (180 krediete)

of

SIL993 Drie publiseerbare artikels (180 krediete)

ASSESSERING

Die assessering vir SIL901, SIL902 en SIL903 bestaan uit 'n deurlopende evaluering wat skriftelike sowel as mondelinge assesserings insluit. 'n Subminimum van 50% moet behaal word in elke afsonderlike module. 'n Eksterne eksaminator word vir die mondelinge eksamen aangewys.

Afgesien van die bostaande eksaminering moet 'n proefskrif van beperkte omvang of drie publiseerbare artikels aan die einde van die studie ingedien word. Hierdie proefskrif moet handel oor 'n geskikte onderwerp in die Kindersielkunde, wat gekies word in oorleg met die departementele Navorsingskomitee.

Met toestemming van die Departementshoof en die Dekaan kan die proefskrif op 'n later datum ingedien word, met dien verstande dat die algemene regulasies ten opsigte van die indiening van proefskrifte (vergelyk Algemene Regulasies A116) hier van toepassing sal wees.

Die finale slaagpunt vir graaddoeleindes, is gebaseer op die suksesvolle voltooiing van die proefskrif / artikels.

Die graadsertifikaat sal geëndosseer word met PhD in Kindersielkunde.

NAGRAADSE PROGRAM IN MAATSKAPLIKE-DIENSBEROEPE

Studente kan die volgende nagraadse kwalifikasies verwerf:

- (1) 'n Nagraadse diploma in Maatskaplike Dienste
- (2) Magistergraad in Maatskaplike Werk by wyse van verhandeling
- (3) Gestruktureerde Magistergraad in Maatskaplike Werk
- (4) PhD in Maatskaplike Werk

Let wel: Vir kwalifikasies (2), (3) en (4), soos genoem hierbo, moet studente te alle tye geregistreer wees by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike-diensberoep. Dit is belangrik dat studente bewys van registrasie moet kan lewer.

NAGRAADSE DIPLOMA IN MAATSKAPLIKE DIENSTE

Kwalifikasie	NAGRAADSE DIPLOMA IN MAATSKAPLIKE DIENSTE			
Afkorting	NG Dip (Maatskaplike Dienste)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	2201	M2D1	8	120

1. TOELATINGSVEREISTES TOT DIE DIPLOMA

In die reël moet studente voldoen aan die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting. Om toelating vir die Nagraadse Diploma in Maatskaplike Dienste te verkry moet studente oor 'n toepaslike B-graad beskik en geregistreer wees by/beheer word deur 'n toepaslik erkende professionele-/beroepsraad/-liggaam soos deur die Departementshoof bevestig.

Slegs geregistreerde maatskaplike werkers word vir die leerarea in **Maatskaplikewerkbestuur en Supervisie** toegelaat.

Toelating tot die Nagraadse Diploma is onderhewig aan 'n maontlike keuringsproses soos deur die Departementshoof bepaal. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir die Nagraadse Diploma is **30 September** van die voorafgaande jaar.

Studente moet **een** module in 'n spesifieke leerarea kies (MDB500, SDP500, SWP500, SRP500 of SWH500). 'n Leerarea sal slegs aangebied word indien **vyf of meer** studente gekeur word. Studente moet dus eers die Departementshoof raadpleeg voordat hulle registreer.

Die kursus word gedeeltelik na ure (ook op Saterdag) aangebied en strek oor minstens een akademiese jaar.

2. KURRIKULUM

Studente kies **een** van die volgende modules.

3. LEERAREAS

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MDB500	Maatskaplikewerkbestuur en Supervisie	120
SDP500	Maatskaplikewerk-rampbestuurspraktyk	120
SWP500	Speltherapie	120
SRP500	Herstellende praktyke met kinders	120
SWH500	Perd-gebaseerde Psigoterapie	120

Daar word van studente verwag om in die module praktyk-gebaseerde navorsing onder supervisie van personeel van die Departement Maatskaplike Werk te doen.

Alle assessering vind plaas deur persone wat deur die Departementshoof goedgekeur is.

MAGISTER

Kwalifikasie	MAGISTER IN MAATSKAPLIKE WERK			
Afkorting	M(SW)			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
1 Jaar	Verhandeling: 2714	M2111	9	180
2 Jaar	Gestruktureerd: 2713			

1. TOELATINGSVEREISTES

In die reël moet studente voldoen aan die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting. Om toelating tot die graad M(SW) te verkry moet studente oor 'n vierjaargraad in Maatskaplike Werk, of 'n Honneursgraad in Maatskaplike Werk, of 'n Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk beskik.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring op grond van volgehoue hoë akademiese standaarde, 'n tentamen, akademiese geletterdheidstoets of enige ander keuringsvereiste soos bepaal deur die Departementshoof.

Aansoeke vir keuring tot die Verhandeling kan deur die jaar ingehandig word. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir die gestruktureerde magistergraad is **30 September** van die voorafgaande jaar.

2. KURRIKULUM

2.1 M(SW) graad deur middel van 'n verhandeling

Studente met 'n Honneursgraad of 'n vierjaar baccalaureusgraad in Maatskaplike Werk of 'n Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk mag, met die toestemming van die Departementshoof en onderworpe aan voorwaardes

wat gestel mag word, die magistergraad verwerf deur 'n verhandeling (Modulekode MDB700) ter waarde van 180 krediete in te handig.

Dit sal van die student verwag word om 'n oriënteringsprogram van ses maande in maatskaplikewerk-teorieë en maatskaplikewerk-navorsingsmetodologie te doen.

2.2 Die gestruktureerde M(SW) graad

Die kurrikulum is saamgestel uit verpligte modules wat deur alle studente geneem word, soos SRT701 en SRR701. Studente moet **een** spesialis leerarea (SWA701, MDB704, SDP700 of SWH700) kies. 'n Leerarea sal slegs aangebied word indien **vyf of meer** studente gekeur word. Studente moet dus eers die Departementshoof raadpleeg voordat hulle registreer.

Die program word in blokke aangebied wat ook gedeeltelik na ure (ook op Saterdag) plaasvind. Die kursus strek oor 'n minimum van twee akademiese jare.

2.2.1 Kernmodule vir die eerste jaar

KODE	MODULENAAM	KREDIETE
SRT701	Gevorderde maatskaplikewerknavorsing (Voorvereiste vir SRR701)	30

2.2.2 Elektiewe in die eerste jaar

Studente kies **een** van die volgende modules.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
SWA701	Maatskaplike werk intervensies met die adolessent (Voorvereiste vir SWP701)	60
MDB704	Maatskaplikewerkbestuur en supervisie (Voorvereiste vir SWP701)	60
SDP700	Maatskaplikewerk-rampbestuurspraktyk (Voorvereiste vir SWP701)	60

SWH700	Perd-gebaseerde Psigoterapie (Voorvereiste vir SWP701)	60
--------	---	----

2.2.3. Kernmodules vir die tweede jaar

KODE	MODULE	KREDIETE
SWP701	Gevorderde Maatskaplike Werk Praktika	30
SRR701	Maatskaplikewerk-navorsingsverslag	60

Praktika

Praktiese werk SWP701, moet op die gekose spesialis area fokus.

2.2.3 Assessering

❖ Kursusgedeelte

Die wyse van assessering word in die studiehandleidings van die afsonderlike modules uiteengesit. Die praktiese module se finale assessering vind plaas in die vorm van 'n mondelinge eksamen.

Assessering word gedoen deur persone wat deur die Departementshoof goedgekeur is.

Die Maatskaplikewerk-intervensies van die gespesialiseerde leerarea (SWA701, MDB704, SDP700 of SWH700) se assessering vind plaas in die vorm van deurlopende evaluering asook twee eksamenvraestelle. Vraestel een word in Junie en vraestel twee in November afgelê.

❖ Maatskaplikewerknavorsing en navorsingsverslag

Vir die navorsingsmodules (SRT701 en SRR701) word daar van verskillende assesseringstegnieke gebruik gemaak soos in die modulehandleiding uiteengesit. Die navorsingsverslag moet op gekose leerarea fokus. In die module **SRR701** word die finale verslag van die navorsingsprojek as eksamen assesseringsproduk beoordeel. By die berekening van die finale punt vir die leerprogram, tel hierdie modules in maatskaplikewerknavorsing (**SRT701 en SRR701**) 50% van die totale aantal krediete.

Interne en eksterne assessering vind plaas.

PHILOSOPHIAE DOCTOR

Kwalifikasie	PHILOSOPHIAE DOCTOR			
Afkorting	PhD met spesialisasie in Maatskaplike Werk			
Min. studieperiode	Studiekode	Programkode	NKR vlak	Totale krediete
2 Jaar	2930	M2111	10	360

1. TOELATINGSVEREISTES

Om tot die PhD toegelaat te word, moet 'n student beskik oor 'n magistergraad in die dissipline Maatskaplike Werk. Aansoeke vir keuring tot die PhD kan deur die jaar ingehandig word.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring op grond van volgehoue hoë akademiese standaarde, 'n tentamen, akademiese geletterdheidstoets of enige ander keuringsvereiste soos bepaal deur die Departementshoof.

2. KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (Modulekode MDB900) of vyf verbandhoudende, publiseerbare artikels (Modulekode MDB905) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

Dit sal van die student verwag word om 'n oriënteringsprogram van ses maande in maatskaplikewerkteorieë en maatskaplikewerk-navorsingsmetodologie te doen.

